

INLIGTINGSNOTA : AFSLAERS
INFORMATION NOTE : AUCTIONEERS

ARTIKELS 6 EN 8 VAN DIE WET OP VEEDIEFSTAL, NR 57 VAN 1959
SECTIONS 6 AND 8 OF THE STOCK THEFT ACT, NO 57 OF 1959

Die inhoud van hierdie nota het ten doel om die verstaan van die na-verwysde wetgewing te vergemaklik. Elke leser is steeds verantwoordelik om homself / haarself van die bepalinge van alle relevante wetgewing, ens. te vergewis.

The content of this note is to assist in understanding the legislation referred to above. Every reader is still responsible to bring himself / herself up to date with the provisions of all relevant legislation, etc.

Dokument van Identifikasie:
Document of Identification:

Artikel 6(6) van die Wet bepaal dat:

“Iemand wat aan ’n afslaer, agent of markmeester vee lewer om verkoop of op ’n ander wyse van die hand gesit te word, word, by die toepassing van hierdie artikel, geag daardie vee aan bedoelde afslaer, agent of markmeester van die hand te gesit het.”

Section 6(6) of the Act determines that:

“Any person who delivers any stock to an auctioneer, agent or market master for the purpose of sale or disposal in any other manner, shall, for the purposes of this section, be deemed to have disposed of such stock to such auctioneer, agent or market master.”

Die gevolg is dat ’n persoon wat vee aan ’n afslaer lewer vir die verkoop of andersins van die hand sit daarvan, ’n artikel 6(1) Dokument van Identifikasie aan sodanige afslaer moet voorsien. Artikel 6(1) van die Wet bepaal dat:

“Enige persoon (met inbegrip van ’n afslaer, agent of markmeester) wat vee aan iemand anders verkoop, verruil, gee of op ’n ander wyse van die hand sit, moet ten tyde van die aflewering aan daardie ander persoon van die vee aldus verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit, aan daardie ander persoon ’n dokument (hieronder ’n dokument van identifikasie genoem) verstrek—

(a) waarin vermeld word—

(i) sy volle naam en adres en, indien die vee ten behoeve van iemand anders verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit is, ook die naam en adres van daardie ander persoon;

(ii) sodanige besonderhede met betrekking tot daardie vee as wat ingevolge ’n kragtens artikel sestien uitgevaardigde regulasie daarin vermeld moet word;

‘(a) Die ras of soort;

(b) die getal;

- (c) die brand-, oor-, tatoeëer- en ander identifikasiemerk (as daar is); en
- (d) indien die vee nie soos vermeld in paragraaf (c) gemerk is nie of die vermelde merk nie ingevolge enige wet geregistreer is nie -
 - (i) die geslag en getal van elke geslag; en
 - (ii) die kleur daarvan.’

[Let wel: SUB-REGULASIE (d) SAL SLEGS VAN TOEPASSING WEES AS DIE BETROKKE VEE NIE GEMERK HOEF TE WEES INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP DIE IDENTIFIKASIE VAN DIERE, NR 6 VAN 2002, NIE.] (Eie invoeging)

- (iii) die volle naam en adres van die persoon aan wie die vee verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit is;
 - (iv) die datum waarop die vee verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit is;
- (b) waarby gesertifiseer word dat bedoelde vee sy eiendom is of dat hy behoorlik deur die eienaar daarvan gemagtig is om daarvoor te beskik.”

The result is that any person who delivers stock to an auctioneer for the selling or disposes otherwise thereof, has to provide the auctioneer with a section 6(1) Document of Identification. Section 6(1) determines that:

“Any person (including any auctioneer, agent or market master) who sells, barter, gives or in any other manner disposes of any stock to any other person shall at the time of delivery to such other person of the stock so sold, bartered, given or disposed of, furnish such other person with a document (hereinafter called a document of identification)—

(a) *stating—*

- (i) *his full name and address and, if the stock was sold, bartered, given or disposed of on behalf of some other person, also the name and address of such other person;*
- (ii) *such particulars in regard to such stock as may be required to be stated therein in terms of any regulation made under section sixteen;*

‘(a) *The breed or kind;*

(b) *the number;*

(c) *the brand, ear mark, tattoo mark and other identification mark (if any); and*

(d) *if the stock is not marked as stated in paragraph (c) or if the stated mark is not registered in terms of any law-*

(i) *the sex and number of each sex; and*

(ii) *the colour thereof.’*

[Please note: SUBREGULATION (d) SHALL ONLY BE APPLICABLE IF THE ANIMAL IDENTIFICATION ACT DOES NOT REQUIRE THE MARKING OF SUCH STOCK.]

(iii) *the full name and address of the person to whom the stock was sold, bartered, given or disposed of;*

(iv) *the date on which the stock was sold, bartered, given or disposed of;*

(b) *certifying that such stock is his property or that he is duly authorized by the owner thereof to deal with or dispose of it.”*

Alhoewel artikel 1 van die Wet “vee” definieer as: “enige perd, muil, esel, bul, koei, os, vers, kalf, skaap, bok, vark, pluimvee, volstruis wat ’n huisdier is, wild wat huisdiere is of die karkas of gedeelte van die karkas van enige sodanige vee”, bepaal die Regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing Nr. R. 1370 van 22 Mei 1992, dat ’n artikel 6(1) Dokument van Identifikasie, slegs uitgereik hoef te word ten opsigte van die volgende: “Enige bul, koei, os, vers, kalf, skaap, bok of volstruis wat ’n huisdier is, of die karkas of gedeelte van die karkas ...”

Although section 1 of the Act defines “stock” as: “any horse, mule, ass, bull, cow, ox, heifer, calf, sheep, goat, pig, poultry, domesticated ostrich, domesticated game or the carcass or portion of the carcass of any such stock”, the Regulations published in Government Notice No. R. 1370 of 22 May 1992, determine that a section 6(1) Document of Identification only needs to be issued with regard to the following: “Any bull, cow, ox, heifer, calf, sheep, goat or domesticated ostrich or the carcass or portion of the carcass ...”

Artikel 6(2) bepaal dat:

“Niemand aan wie vee verkoop, verruil, gegee of op ’n ander wyse van die hand gesit is en aan wie ingevolge sub-artikel (1) ’n dokument van identifikasie verstrek moet word, mag aflewering van daardie vee aanvaar sonder om bedoelde dokument ten tyde van die aflewering te verkry nie.” (Eie onderstreping),

terwyl artikel 6(3) vereis dat:

“Iemand aan wie ingevolge sub-artikel (1) ’n dokument van identifikasie verstrek is, moet dit vir ’n tydperk van minstens een jaar in sy besit hou.”

Section 6(2) determines that:

“No person to whom any stock has been sold, bartered, given or otherwise disposed of and to whom a document of identification is required to be furnished in terms of subsection (1) shall take delivery of such stock without obtaining such document at the time of delivery.” (Own underlining).

whilst section 6(3) requires that:

“Any person to whom a document of identification has been furnished in terms of subsection (1) shall retain it in his possession for a period of at least one year.”

Die bewoording van artikel 6(1) stel dit verder onomwonde dat: “Enige persoon (met inbegrip van ’n afslaer, agent of markmeester) ...” (Eie onderstreping), wat: “... vee aan iemand anders verkoop, verruil, gee of op ’n ander wyse van die hand sit ...”, ’n artikel 6(1) Dokument van Identifikasie aan sodanige persoon moet uitreik.

The wording of section 6(1) states outright that: “Any person (including any auctioneer, agent or market master) ...” (Own underlining), who: “sells, barters, gives or in any other manner disposes of any stock to any other person ...”, must issue a section 6(1) Document of Identification to such person.

Wat misdrywe in hierdie verband betref, naamlik:

· waar vee deur ’n afslaer ontvang word sonder dat ’n **volledig** voltooide artikel 6(1) Dokument van

Identifikasie, ten tye van die ontvangs van die vee, deur die afslaer verkry word; en / of

· waar vee deur die afslaer verkoop, verruil, gegee of op 'n ander wyse van die hand gesit word, sonder dat die afslaer 'n volledig voltooide artikel 6(1) Dokument van Identifikasie, aan sodanige persoon uitreik en verstrek ten tye van die oorhandiging van die vee,

word u aandag gevestig op die bepalings van artikel 6(5)(a), wat as volg lees:

“Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen; is aan 'n misdryf skuldig.”

Regarding offences in this regard, namely:

· *if stock is received by an auctioneer without receipt of a **duly** completed section 6(1) Document of Identification, at the time of the delivery; and /or*

· *if an auctioneer sells, barter, gives or in any other manner disposes stock to another person, without issuing and providing a duly completed section 6(1) Document of Identification, at the time of delivery of the stock, to such person,*

your attention is drawn to the provisions of section 6(5)(a), which read as follows:

“Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this section shall be guilty of an offence.”

Verwyderingsertifikaat:

Removal Certificate:

Artikel 8(1) van die Wet, plaas 'n direkte verbod op 'n persoon om **“vee of produkte waarvan hy nie die eienaar is nie, op of langs 'n publieke pad dryf, vervoer of transporteer”** sonder dat hy / sy in besit is van 'n verwyderingsertifikaat. Sodanige verwyderingsertifikaat word in terme van die bepalings van die laasgemelde artikel, deur die: **“eienaar van daardie vee ... of die behoorlik gemagtigde agent van**

die eienaar” (Eie onderstreping) uitgereik. Enige persoon wat beweer dat hy / sy die **“behoorlik gemagtigde agent”** van die eienaar is, dra die bewyslas om aan te toon dat hy / sy inderdaad 'n **“agent”** van die eienaar is, en verder dat hy / sy **“behoorlik gemagtig”** was, deur die eienaar, om namens die eienaar op te tree.

*Section 8(1) of the Act, places a direct prohibition on a person to **“drive, convey or transport any stock or produce of which he is not the owner on or along any public road”**, if not in possession of a removal certificate. Such removal certificate must be issued, as provided for in terms of section 8(1) of the Act, by the: **“owner of such stock ... or the duly authorized agent of such owner”** (Own underlining). Any person who alleges that he / she is the **“duly authorized agent”** of the owner, carries the burden of proof to indicate that he / she is indeed the **“agent”** of the owner, and that he / she was **“duly authorized”** by the owner to act on the behalf of the owner.*

Die begrip: “eienaar”, word vir doeleindes van hierdie artikel uitgebrei deur artikel 8(9) om die volgende in te sluit:

“By die toepassing van subartikels (1), (2) en ... beteken „eienaar” ook iemand wat vee of produkte verkry het uit hoofde van 'n koop-ooreenkoms ingevolge waarvan so iemand nie die eienaar van bedoelde vee of produkte word bloot op grond van die lewering aan hom van bedoelde vee of produkte nie.”

The term: “owner”, is for the purposes of this section, extended by section 8(9), to include the following:

“For the purposes of subsections (1), (2) and ... “owner” shall include any person who obtained stock or produce by virtue of an agreement of sale in terms of which any such person does not become the owner of such stock or produce merely by virtue of the delivery to him of such stock or produce.”

Die eienaar se verantwoordelikheid om 'n verwyderingsertifikaat uit te reik, word verder beklemtoon deur artikel 8(2), wat as volg bepaal:

“Niemand mag vee of produkte waarvan hy die eienaar is deur 'n ander persoon op of langs 'n publieke pad laat dryf, vervoer of transporteer nie of hom toelaat om dit te doen nie, sonder om aan hom 'n verwyderingsertifikaat wat hy ingevolge subartikel (1) moet besit, te verstrek.”

The owner's responsibility to issue a removal certificate, is emphasized by section 8(2), which determines as follows:

“No person shall cause or permit any stock or produce of which he is the owner to be driven, conveyed or transported by any other person on or along any public road without furnishing him with a removal certificate which he is required to have in terms of subsection (1).”

Die volledige artikel 8(1) word vir u gerief aangehaal:

“Vee of produkte op of langs publieke paaie gedryf, vervoer of getransporteer.—(1) Niemand mag vee of produkte waarvan hy nie die eienaar is nie, op of langs 'n publieke pad dryf,

vervoer of transporteer nie tensy hy in besit is van 'n sertifikaat (hieronder 'n verwyderingsertifikaat genoem) wat deur die eienaar van daardie vee of produkte of die behoorlik gemagtigde agent van die eienaar aan hom uitgereik is, waarin vermeld word—

- (a) die naam en adres van die persoon wat die sertifikaat uitgereik het;*
- (b) die naam en adres van die eienaar van daardie vee of produkte;*
- (c) sodanige besonderhede met betrekking tot daardie vee of produkte as wat ingevolge 'n kragtens artikel *sestien* uitgevaardigde regulasie daarin vermeld moet word;*

- (a) Met betrekking tot vee -
 - (i) die ras of soort;*
 - (ii) die getal;*
 - (iii) die brand-, oor-, tatoeëer- en ander identifikasiemerk (as daar is); en*
 - (iv) indien die vee nie soos vermeld in paragraaf (iii) gemerk is nie of die vermelde merk nie ingevolge enige wet geregistreer is nie -
 - (aa) die geslag en getal van elke geslag; en*
 - (bb) die kleur daarvan.**

*[Let wel: SUB-REGULASIE (iv) SAL SLEGS VAN TOEPASSING WEES AS DIE BETROKKE VEE NIE GEMERK HOEF TE WEES INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP DIE IDENTIFIKASIE VAN DIERE, NR 6 VAN 2002, NIE.] (Eie invoeging)**

- (b) Met betrekking tot produkte -*

- (i) die soort;
 - (ii) die getal, hoeveelheid of gewig;
 - (iii) die identifikasiemerk en nommer (as daar is); en
 - (iv) indien in 'n houer of houers verpak -
 - (aa) die getal houers; en
 - (bb) die identifikasiemerk en nommer van elke houer (as daar is).'
- (d) die plek waarvandaan en plek waarheen daardie vee of produkte gedryf, vervoer of getranspoteer word;
- (e) die naam van die drywer, vervoerder of transporteerder;
- (f) die datum van uitreiking daarvan; en
- (g) indien van toepassing, die registrasienommer, model en fabrikaat van die voertuig waarmee die vee of produkte vervoer of getranspoteer word:

Met dien verstande dat die bepalings van hierdie sub-artikel nie van toepassing is nie ten opsigte van vee of produkte wat met die toestemming van die eienaar daarvan of sy behoorlik gemagtigde agent op of langs 'n deel van 'n publieke pad wat gaan oor grond wat aan die eienaar of agent behoort of wat deur hom geokkupeer word, gedryf, vervoer of getranspoteer word.”

The complete section 8(1) is quoted for your convenience:

“Stock or produce driven, conveyed or transported on or along public roads.—(1) No person shall drive, convey or transport any stock or produce of which he is not the owner on or along any public road unless he has in his possession a certificate (hereinafter called a removal certificate) issued to him by the owner of such stock or produce or the duly authorized agent of such owner, in which is stated—

- (a) *the name and address of the person who issued the certificate;*
- (b) *the name and address of the owner of such stock or produce;*
- (c) *such particulars in regard to such stock or produce as may be required to be stated therein in terms of any regulation made under section sixteen;*

- (a) *In regard to stock -*
 - (i) *the breed or kind;*
 - (ii) *the number;*
 - (iii) *the brand, ear mark, tattoo mark and other identification mark (if any); and*
 - (iv) *if the stock is not marked as stated in paragraph (iii) or if the stated mark is not registered in terms of any law-*
 - (aa) *the sex and number of each sex; and*
 - (bb) *the colour thereof.*

[Please note: SUBREGULATION (iv) SHALL ONLY BE APPLICABLE IF THE ANIMAL IDENTIFICATION ACT DOES NOT REQUIRE THE MARKING OF SUCH STOCK.]

- (b) *In regard to produce -*
 - (i) *the kind;*

- (ii) *the number, quantity or weight;*
- (iii) *the identification mark and number (if any); and*
- (iv) *if packed in a container or containers -*
 - (aa) *the number of containers; and*
 - (bb) *the identification mark and number of each container (if any).'*
- (d) *the place from which and the place to which such stock or produce is being driven, conveyed or transported;*
- (e) *the name of the driver, conveyer or transporter;*
- (f) *the date of issue thereof; and*
- (g) *if applicable, the registration number, model and make of the vehicle with which the stock or produce is being conveyed or transported:*

Provided that the provisions of this subsection shall not apply in respect of any stock or produce which is being driven, conveyed or transported, with the consent of the owner thereof or his duly authorized agent, on or along such portion of any public road as traverses land which belongs to or is occupied by such owner or agent.”

Die Regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing Nr. R. 1370 van 22 Mei 1992, bepaal dat 'n artikel 8(1) Verwyderingsertifikaat, slegs uitgereik hoef te word ten opsigte van die volgende: “Enige bul, koei, os, vers, kalf, skaap, bok of volstruis wat 'n huisdier is, of die karkas of gedeelte van die karkas of die hele of enige gedeelte van velle, huide of horings van sodanige vee, en enige wol, bokhaar of volstruisvere.”

The Regulations published in Government Notice No. R. 1370 of 22 May 1992, determine that a section 8(1) Removal Certificate only needs to be issued with regard to the following: “Any bull, cow, ox, heifer, calf, sheep, goat or domesticated ostrich or the carcass or portion of the carcass or the whole or any part of any skins, hides or horns of such stock, and any wool, mohair or ostrich feathers.”

Rakende toepaslike misdrywe word u verwys na die bepalings van artikel 8(8)(a), (c) en (d), wat as volg lees:

“Iemand wat—

- (a) 'n bepaling van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (c) in 'n verwyderingsertifikaat ... opsetlik 'n valse verklaring maak; of
- (d) valslik verklaar dat hy die eienaar is van vee of produkte wat op of langs 'n publieke pad deur hom gedryf, vervoer of getranspoteer word,

is aan 'n misdryf skuldig.”

Concerning applicable offences, you are referred to the provisions of section 8(8)(a), (c) and (d), which read as follows:

“Any person who—

- (a) *contravenes or fails to comply with any provision of this section;*

- (c) *wilfully makes any false statement in a removal certificate ...; or*
- (d) *falsely declares that he is the owner of stock or produce which is being driven, conveyed or transported by him on or along any public road,*

shall be guilty of an offence.”

Indien `n werknemer / oud-werknemer vee of produkte (“hele of enige gedeeltes van velle, huide of horings van vee, en enige wol, bokhaar of volstruisvere”), wat onder sy / haar beheer is, of waarvan hy / sy die eienaar is, van die grond wat deur die werkgewer besit / geokkupeer word wil verwyder, moet hy / sy eerstens `n dokument soos voorgeskryf in artikel 8(4), bekom. Artikel 8(4) bepaal as volg:

“Niemand wat by `n eienaar of okkupeerder van grond in diens is of was, mag vee of produkte wat sy eiendom of onder sy beheer is, van grond wat die eiendom is van of geokkupeer word deur sodanige eienaar of okkupeerder verwyder nie, tensy hy in besit is van

`n dokument wat deur sodanige eienaar of okkupeerder, die agent van sodanige eienaar of okkupeerder, of `n polisiebeampte verstrekk is op `n datum hoogstens sewe dae voor die verwydering, welke datum in die dokument vermeld moet wees, waarin `n beskrywing van die vee of produkte gegee word en gesertifiseer word dat hy, volgens die hele kennis en oortuiging van die persoon wat die dokument verstrekk, op bedoelde datum geregtig was om sodanige vee of produkte te verwyder.”

Let daarop dat die werkgewer, soos na verwys in artikel 8(4), wetlik verplig is om `n artikel 8(4) dokument uit te reik. Sien artikel 8(5), wat as volg lees:

“`n Eienaar of okkupeerder van grond, of `n agent van sodanige eienaar of okkupeerder moet, wanneer hy deur iemand wat in die diens van sodanige eienaar of okkupeerder is of was en wat op grond wat die eiendom is van of geokkupeer word deur sodanige eienaar of okkupeerder, in besit is van vee of produkte wat hy daarvandaan wil verwyder, versoek word om dit te doen, onverwyld aan hom enige dokument verstrekk wat hy ingevolge sub-artikel (4) nodig het.”

If an employee / ex-employee wants to remove stock or produce (“the whole or any part of any skins, hides or horns of stock, and any wool, mohair or ostrich feathers”) that belongs to him / her, or which is under his / her control, from the land owned / occupied by the employer, he /she should first obtain a document as prescribed in section 8(4). Section 8(4) determines as follows:

“No person who is or was employed by an owner or occupier of any land shall remove any stock or produce owned by him or under his control from any land owned or occupied by such owner or occupier unless he is in possession of a document furnished by such owner or occupier, the agent of such owner or occupier, or a policeman on a date not more than seven days before the removal, which date shall be stated in the document, giving a description of such stock or produce and certifying that he was to the best knowledge and belief of the person furnishing the document entitled to remove such stock or produce on the said date.”

Note that an employer, referred to in section 8(4), is legally obliged to issue a section 8(4) document. See section 8(5), which reads as follows:

“Any owner or occupier of land, or any agent of such owner or occupier, shall, when requested to do so by any person who is or was in the employ of such owner or occupier and who is in possession on land owned or occupied by such owner or occupier of any stock or produce which

he desires to remove therefrom, forthwith furnish him with any document which he may require in terms of subsection (4).”

Strafregtelike vervolging van `n regs persoon, of `n lid van `n vereniging, word deur artikel 332 van die Strafproseswet, Nr 51 van 1977, gereguleer.

Criminal prosecution of a corporation, or member of an association is regulated by the provisions of section 332 of the Criminal Procedure Act, No 51 of 1977.